

Algemene Oueromsendbrief nommer 06 van 2020

16 Maart 2020

Geagte Ouers/Voogde, Onderwysers en Leerders

Hoërskool Randburg se reaksie op die president se aankondiging rakende maatreëls om die verspreiding van die Covid-19-virus te beperk:

1. Ons erken en verstaan die gevare en impak van die virus. Ons sal, as skool, ons volle samewerking gee en ons by maatreëls, soos deur die president op Sondag, 15 Maart 2020 aangekondig, neerlê.
2. Die skool sluit op Dinsdag, 17 Maart 2020 om 14:00 en heropen weer op Dinsdag, 14 April 2020. Die skool sluit dan weer op 19 Junie 2020 vir 'n verkorte wintervakansie. Die netto effek is 'n verlies van vier vol skooldae.
3. Akademie
 - Op Dinsdag, 17 Maart 2020 volg 'n omsendbrief, per graad, waarin skoolwerk deurgegee sal word wat in die volgende vier weke tuis gedoen moet word.
 - Al dié werk moet teen 14 April 2020 afgehandel wees en ons versoek ouers se samewerking in die verband.
 - Ons ondersoek dringend elektroniese platforms as onderrig-oplossings, indien dit later nodig sou word.
 - Die vier dae wat ons verloor, sal ons opmaak deur selfs op 'n Saterdag skool te gaan as dit moet. 'n Verlengde skooldag vir almal word ook in die vooruitsig gestel.
 - Ons gaan 'n *WhatsApp* groep per graad en per vak opstel en onderwysers sal vanaf Maandag tot Vrydag tussen 09:00 en 12:00 beskikbaar wees om leerders se vrae te beantwoord. Die groepe maak eers 1 April vir tweerigting-kommunikasie oop. Leerders kan reeds voor die tyd by die groepe aansluit. Besonderhede sal per *WhatsApp* aan leerders gegee word.
4. Sport
 - Logika dikteer dat alle sportbepalings en byeenkomste vir die volgende vier weke gekanselleer word.
 - Die normale program hervat weer op 14 April 2020.
 - Alle oefening word ook opgeskort – veral met verwysing na kontakspore.
 - Spelers en deelnemers word aangemoedig om elkeen 'n individuele oefenprogram te volg om sy/haar fiksheidsvlakke te behou.
 - Oefening hervat dan weer op 14 April 2020.

5. Kultuur
Alle kultuuroefening, -optredes of -byeenkomste word ook gestaak en die normale program sal weer op 14 April 2020 hervat word.
6. Oopdag
Ons Oopdag van 15 Maart 2020 is uitgestel tot verdere kennisgewing.
7. Rapporte en punte
Ons sal op 14 April 2020 punte met leerders kontroleer waarna ons rapporte van kwartaal 1 sal publiseer.
8. Administratiewe funksionering
Alle skooldienste staak van 17 Maart 2020 om 14:00 en hervat weer op 14 April 2020.
9. Infeksiegevalle
Indien van ons leerders, ouers of onderwysers simptome toon, versoek ons dat die protokol, soos in die media uiteengesit, gevolg sal word. Verwittig ook asseblief die skool van enige gevalle deur 'n epos na hsrandb@global.co.za te stuur.

Ons vertrou op almal se samewerking in die aangesig van hierdie pandemie. Nie een van ons het die ervaring, insig of wysheid om alles reg te doen nie.

As landsburger moet ons elkeen egter nou ons deel doen en ons beste gee om die verspreiding van Covid-19 te beperk.

Openbare gesondheid is nou ons eerste prioriteit.

Vriendelike groete.

P BOOYSEN: Hoof